

**21 April**

**Markus 3: 31-35**

***Die ware familie van Jesus***

Kan u en ek dalk so bevoorreg wees om familie te wees van ons Verlosser? Hy gee self antwoord op die vraag.

Jesus se bloedfamilie het aanvanklik glad nie besef wat sy roeping is nie. Daarom het hulle Hom nie as Verlosser aanvaar nie (vergelyk Johannes 7:5). Hy het onder so 'n geweldige druk gewerk dat Hy soms nie tyd gekry het om iets te eet nie. Sy familie het selfs gedink Hy het van sy kop af geraak.

Moontlik wou hulle Hom oorreed om tuis te gaan rus. Toe iemand Jesus mededeel sy familie staan buite en wil met Hom praat, vra Hy: "Wie is my moeder en my broers?"

Verloën en verwerp Jesus miskien hiermee sy bloedfamilie? Beslis nie, maar Hy stel hiermee die biologiese band duidelik ondergeskik aan die band van geloof en liefde met sy dissipels. Hierdie geestelike band is veel belangriker. Dit geniet voorkeur by Hom.

En Hy sê dit in soveel woorde as Hy na sy dissipels (skare gelowiges) wys en sê: "Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en suster en moeder." En ons weet God se wil is dat ons sal glo in sy Seun. En dit is waarom Jesus ons sy familie kan noem. Elkeen wat opreg glo is deel van God se groot huisgesin - ook u en ek!

Wat 'n ryke genade! En hoe troosryk is dit dat ons as broers en susters van Jesus ook mede-erfgename van Hom is - op weg na ons ewige erfenis.

Sing Skrifberyming 33:1

Ds. J.H. Viljoen (Pretoria-Noord)